

Die posisie van afstammelinge van die Franse Hugenote in die opkoms van die Afrikaanse literêre sisteem (1902–1978)

Burgert Senekal

The position of descendants of the French Huguenots in the rise of the Afrikaans literary system (1902–1978)

The French Huguenots played a major role in the development of South Africa and in the development of the Afrikaans language and literature. In this study, the contribution of the Huguenot's descendants to the development of the Afrikaans literary system in the first eight decades of the 20th century is examined. For this, a dynamic network representation of this system is used, as compiled after referencing bibliographies of Afrikaans drama, prose and poetry. It shows which persons with Huguenot surnames were the most active role players in this system during this period and which families contributed the most role players. With the help of network representations, descendants' positions in the Afrikaans literary system are also discussed in the context of decades, and it is indicated that descendants of the Huguenots played key roles in the Afrikaans literary system, especially in the first half of the twentieth century.

1. Inleiding

Die Franse Hugenote het 'n merkbare invloed op die ontwikkeling van Suid-Afrika gehad en hul bydrae is reeds in 'n verskeidenheid publikasies verreken (sien Botha, 1921, Ploeger, 1973, 1988, Franken, 1978, Bryer en Theron, 1987, Coertzen, 1988, Kearney, 2010, Van Aardt en Ridge, 2019). Een van die tasbare bydraes van die Hugenote was tot die genepoel (J.A. Heese, 1971, H.F. Heese, 1979, Cilliers, 2016, Brits, 2019, Van Aardt en Ridge, 2019), wat onder andere gemerk word in die voorkoms van Franse vanne in Suid-Afrika.

In die huidige studie word ondersoek ingestel na die voorkoms van die Franse Hugenote se vanne in die opkoms van die Afrikaanse literêre sisteem, vanaf 1902 tot 1978. Die bibliografieë wat deur Senekal en Van Aswegen (1980, 1981) en Senekal en Engelbrecht (1984) saamgestel is, word vergelyk met die lys Hugenoot-vanne volgens die Hugenoot Gemeenskap van Suid-Afrika (s.a.) en daar word deur middel van 'n dinamiese, tydsgebonde netwerk-ontleding aangedui dat 'n groot hoeveelheid afstammelinge van die Franse Hugenote sentrale posisies in die ontwikkeling van die Afrikaanse literêre sisteem beklee.

Die artikel is soos volg gestruktureer: Eerstens word 'n kort oorsig oor die geskiedenis van die Hugenote verskaf ten einde die studie te kontekstualiseer. Hierna word die metodes wat in die huidige studie gebruik word, bespreek en,

meer spesifiek, dinamiese netwerkontledings. Ná die bespreking van metodes volg 'n kwantitatiewe oorsig oor rolspelers met Hugenoot-vanne se bydraes tot die Afrikaanse literêre sisteem, waarna hierdie rolspelers se posisies binne die literêre sisteem grafies voorgestel en in dekadeverband bespreek word. Die artikel word met slotopmerkings afgesluit.

2. Agtergrond

Die Edik van Nantes van 1598 het beperkte regte vir die Franse Hugenote gewaarborg, maar Lodewyk XIV het 'n groot deel van sy bewind daaraan gewy om daardie voorregte te verminder en hy het uiteindelik die bevel om dit heeltemal te herroep op 15 Oktober 1685 uitgevaardig (Wijsenbeek, 2007: 80, Stanwood, 2013: 1322, Van Aardt en Ridge, 2019: 45). Na raming het etlike honderdduisende Hugenote uit Frankryk gevlug en hulle in Nederland, Pruise, Engeland, Ierland en Switserland gevestig, asook in Amerika en aan die Kaap. Die aanvanklike oogmerk was om Hugenoot-“kolonies” buite Frankryk te stig waar hul taal en kultuur bewaar sou word totdat hulle na Frankryk kon terugkeer (Stanwood, 2013: 1324). Stanwood (2013: 1326) skryf dat die kolonies in Europa vinnig geblyk het nie volhoubaar te wees nie:

In almost every case, the colonies were not really separate; they were artificial communities in the middle of someone else's country. In order to really fit in, the refugees would need to assimilate, to surrender some of their Frenchness – an outcome that alarmed those Huguenot leaders who imagined that colonies would help to preserve the church in exile.

Een antwoord om die Hugenote se kultuur te bewaar was om kolonies buite Europa te vestig, waarvan die Kaap een was (Ploeger, 1988, Van Aardt en Ridge, 2019). Ander kolonies is in Noord-Amerika, Ierland, Engeland, Skotland, Wallis, Duitsland, Skandinawië en Nederland gestig. Die Europese bevolking aan die Kaap was nagenoeg 600 mense toe 170 Hugenote tussen 1688 en 1689 daar aangeland het, iets wat 'n beduidende impak op die Europese bevolking aan die Kaap gehad het (Ploeger, 1973: 42, Cilliers, 2016: 7, Van Aardt en Ridge, 2019: 247).

Die Vereenigde Oostindische Compagnie (VOC) het verblyfreg aan die Hugenote toegeken op voorwaarde dat hulle as boere sou werk (Cilliers, 2016: 8), en hulle het grond, implemente, graansaad en beeste ontvang (Wijsenbeek, 2007: 87). Saam met graan en tabak was wyn die Kaap se grootste bron van inkomste teen die laat-1690's (Stanwood, 2013: 1335) en die Hugenote het veral 'n invloed op die wynbedryf gehad (Fourie en Fintel, 2011, Van Aardt en Ridge, 2019: 165).

Die meeste Hugenote het hulself rondom Drakenstein gevestig, maar in

1700 is besluit om die immigrasie van Hugenote te staak, omdat die voordele vir Hugenote tot konflik met ander inwoners aan die Kaap gelei het (Wijsenbeek, 2007: 88). 'n Aantal Hugenote is egter steeds ná 1700 aan die Kaap gevestig (Wijsenbeek, 2007: 89) en ongeveer 240 Hugenote het hulle tussen 1670 en 1730 in die Kaap gevestig (Fourie en Fintel, 2011: 338).

Selfs aan die Kaap kon die Hugenote nie 'n onafhanklike kolonie stig nie. Die VOC het Nederlandse boere tussen Hugenote geplaas om te verhoed dat hulle hul eie staat vestig (Wijsenbeek, 2007: 88, Liebenberg, 2018: 229). Toe die Hugenote in 1692 vir hul eie landdros vra, het Simon van der Stel geweier en hulle gewaarsku om nie weer enige eise om onafhanklikheid te stel nie (Stanwood, 2013: 1342). Frans is in 1706 as kerktaal verbied (Liebenberg, 2018: 232). Die Franse taal het binne twee generasies aan die Kaap uitgesterf (Fourie en Fintel, 2011: 338) en binne drie generasies is Hugenote oor die wêreld heen geassimileer (Wijsenbeek, 2007: 102).

Die Hugenote het 'n beduidende bydrae tot die ontwikkeling van Suid-Afrika gelewer ten opsigte van die ekonomie asook die genepoel. In 1902 is bereken dat die genetiese samestelling van die as wit beskoude Afrikaner 50.4% Nederlands, 27% Duits en 17.25% Frans was (Heese, 1979: 27). Heese (1971) het bereken dat die genetiese samestelling van die Afrikaner teen 1867 34.8% Nederlands was, 33.7% Duits, 13.2% Frans, 6.9% nie-Europees, en 5.2% Brits. Meer onlangs is bereken dat die Afrikaner se genetiese samestelling meestal Nederlands is (34%–37%), gevolg deur Duits (27%–34%) en Frans (13%–26%) (sien Brits, 2019)¹.

Wat die ontstaan van die Afrikaanse taal en literatuur betref, het die Hugenote se nasate ook 'n beduidende rol gespeel (Van Aardt en Ridge, 2019: 185). Op 23 Junie 1686 arriveer François en Guillaume du Toit, stamvaders van die Du Toit-familie, op die skip *Vrijheijt* (Van Aardt en Ridge, 2019: 114, Anoniem, s.a.), waarvan vier nasate stigterslede van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) sou word. Gédéon Malherbe arriveer op 13 April 1688 op die skip *Voorschoten* (Anoniem, s.a.), en word die stamvader van die Malherbes, wat latere taalstryders soos P.J. Malherbe, stigterslid van die GRA, en sy seun, die skrywer en taalstryder D.F. Malherbe, sou insluit. Trouens, van die agt stigterslede van die GRA (Gideon Jozua Malherbe, Casparus Petrus Hoogenhout, Daniel Francois du Toit, S.J. du Toit, Daniël Francois du Toit, Petrus Jacobus Malherbe, August Ahrbeck en Stefanus G. du Toit (Nienaber en Nienaber, 1941: 78, Steyn, 2014: 22) het slegs twee, naamlik Hoogenhout en Ahrbeck, nie vanne wat van Hugenoot-herkoms is nie. Nienaber en Nienaber (1941: 78) noem hierdie ses stigterslede “Hugenoteseuns ... wat beginsels bo rus van liggaam en onrus van siel gestel het”. Alhoewel Steyn (2014) nie die Hugenote pertinent noem nie, bestaan 'n verdere indirekte verbintenis tussen sleutelfigure in die ontwikkeling

van Afrikaans en die Hugenote deur onderriginstellings wat na hulle genoem is: die GRA het die Gedenkskool der Hugenoten of Gedenkskool fan di Hugenote (later die Hugenote-gedenkskool) opgerig (Van Aardt en Ridge, 2019: 234), waar A.G. Visser, D.F. Malherbe en Totius skoolgegaan het. D.F. Malherbe het later honneursklasse in Duits en Nederlands aan die Hugenote Universiteitskollege op Wellington waargeneem (Steyn, 2014: 24, 43 en 93).

In die volgende afdeling word bespreek hoe die bydrae van die Hugenote tot die ontwikkeling van die Afrikaanse literêre sisteem in die huidige studie ondersoek is.

3. Metodes

3.1 *Maatstawwe*

Die uitgangspunt vir die huidige studie is die sisteemteorie, waarvolgens skrywers se prestige 'n funksie is van verhoudinge binne die literêre sisteem en nie slegs afhanklik is van die intrinsieke kenmerke van die literêre teks nie. Verboord (2003: 265) gebruik die volgende maatstawwe om skrywers se prestige te meet: die getal literêre pryse wat 'n skrywer ontvang het; die getal akademiese studies wat oor die skrywer gepubliseer is; die getal woorde wat in literêre ensiklopedieë oor die skrywer geskryf is en die literêre status van die uitgewer. Hierby moet 'n mens resensies voeg, want soos Senekal (1985: 21, 1987: 177) en Van Rees en Vermunt (1996: 318) aanvoer, sal skrywers van literêre fiksie wat nie die aandag van beoordelaars trek nie, waarskynlik nie 'n literêre status behaal nie en hulle werk loop die gevaar om binne 'n kort tydjie in die vergetelheid te verdwyn.

Alhoewel Verboord se maatstawwe 'n sinvolle wegspringplek verskaf, kan dit verfyn word. Is die getal literêre pryse wat 'n skrywer ontvang nie minder belangrik as die status van daardie pryse nie? Die Hertzogprys staan byvoorbeeld bekend as die prys wat die meeste prestige in Afrikaanse literêre kringe dra (Senekal, 2013a: 365) en dit sal moeilik wees om te argumenteer dat twee toekennings van die Scheepersprys vir Jeugliteratuur meer prestige dra as een toekenning van die Hertzogprys. Dieselfde geld vir watter letterkundiges aandag aan 'n outeur se publikasies skenk, omdat die status van die beoordelaar self 'n rol speel in die status wat 'n outeur verwerf (Verboord, Janssen en Van Rees, 2006: 287). Wat die literêre status van die uitgewery aanbetref, is die verhouding tussen skrywer en uitgewery boonop wederkerig: skrywers beïnvloed die status van die uitgewery soos die status van die uitgewery die status van die skrywers op hul publikasielys beïnvloed (Verboord, 2003: 271). Hierdie wederkerige verhouding is boonop dinamies en verander met die verloop van tyd. Dit is met

ander woorde sinvol om getalle te tel, maar beter om ook die status van die ander entiteite in die literêre sisteem in berekening te bring. Ek volg egter Verboord (2003) se voorbeeld deur skrywers, uitgewerye, literêre pryse, akademiese studies (en hul outeurs) en literatuurgeskiedenis (en hul outeurs en uitgewers) in berekening te bring, met resensies en hul outeurs bygevoeg. Aangesien die fokus in die huidige studie op die nasate van Franse Hugenote is, word die prestige van ander persone, uitgewerye en tydskrifte nie in die huidige studie bespreek nie, alhoewel hulle deel uitmaak van die datastel.

Die Afrikaanse literêre sisteem is reeds in 'n verskeidenheid studies as 'n netwerk bestudeer (sien Senekal, 2012, 2013a, 2014a, 2014b, 2015b, 2015a, 2017, 2020). Die grootste tekortkoming van hierdie studies is egter dat die sisteem in elkeen as 'n statiese sisteem benader is, terwyl die literêre sisteem in werklikheid dinamies is en met die verloop van tyd verander. Liao, Mariani, Medo, Zhang en Zhou (2017: 25) voer aan: “the temporal ordering of interactions is a key element that cannot be neglected when analyzing an evolving network”. Omdat interaksies oor tyd ook so belangrik is en omdat dit in die huidige studie gaan om die ontwikkeling van die Afrikaanse literêre sisteem, word die tydsaspek van die netwerk ook hieronder in ag geneem.

In die netwerkteorie word die direkte skakels van 'n nodus met behulp van graadsentraliteit bepaal (Senekal, 2012: 624, 2013a: 371, 2013b: 678), maar meer komplekse maatstawwe soos Eigenvektor-sentraliteit (Bonacich, 1987) en PageRank-sentraliteit (Brin en Page, 1998), wat albei die status van 'n nodus se bure in ag neem (Liao et al., 2017: 39), bestaan ook. PageRank-sentraliteit is deur die stigters van Google ontwikkel om soekresultate te rangeer en word in verskeie ander velde, insluitend in kultuurnetwerke (Fraiberger, Sinatra, Resch, Riedl en Barabási, 2018, Senekal, 2020), as 'n sinvolle rangeringsmaatstaf aangetoon. PageRank-sentraliteit lig belangrike nodusse uit wat direkte skakels met ander belangrike nodusse het. Aangesien PageRank-sentraliteit ook die status van 'n nodus se bure in ag neem, word dit hieronder gebruik om die belangrikste nodusse uit te lig.

In die volgende onderafdeling word bespreek hoe die data vir die huidige studie saamgestel is.

3.2 Data

Die bibliografieë van die Afrikaanse prosa, drama en poësie, soos saamgestel deur Senekal en mede-outeurs (Senekal en Van Aswegen, 1980, 1981, Senekal en Engelbrecht, 1984), is vir die huidige studie gebruik. Hierdie bibliografieë bevat 'n omvattende opgawe van wat tussen 1900 en 1978² in die Afrikaanse literatuur

verskyn het, sowel as wat oor die Afrikaanse literatuur verskyn het (resensies, studies, verhandelings en proefskrifte sowel as literatuurgeskiedenis). Die outeurs (Senekal en Van Aswegen, 1980: 5, 1981: 5, Senekal en Engelbrecht, 1984: 5) beweer: “Feitlik alle literatuur oor die Afrikaanse [drama/digkuns/prosa] is geëkspeer.”

Bogenoemde bronne is ingeskandeer, omgeskakel in ’n gestruktureerde datastel en gekontroleer vir foute en die konsekwente spelling van name. Uitgewerye is ook tot die datastel bygevoeg omdat hulle nie by die oorspronklike publikasies ingesluit was nie, maar belangrike rolspelers in die Afrikaanse literêre sisteem is (Senekal, 2014b: 125, 2015a: 58). Hierby is die toekenning van agt pryse, naamlik die Hertzogprys, die Eugène Maraisprys, die Scheepersprys vir Jeugliteratuur, die SAUK-prys, die Erepennig vir die Afrikaanse Taal en Letterkunde, die Stalsprys, die Gustav Preller-prys vir Literatuurwetenskap en die Tienie Halloway Medalje vir Kinderliteratuur bygevoeg (Senekal, 2014b: 125).

Vir die huidige studie word die hele tydperk (1902–1978) in berekening gebring, omdat dit ’n belangrike tydperk in die ontwikkeling van die Afrikaanse literêre sisteem was. Van die mylpale in die ontwikkeling van die Afrikaanse literêre sisteem word in hierdie tydperk aangetref, byvoorbeeld die stigting van uitgewerye soos Tafelberg (1951) en Human & Rousseau (1959), die betrokkenheid van groot name in die Afrikaanse letterkunde soos C.J. Langenhoven, N.P. van Wyk Louw, D.J. Opperman, Ingrid Jonker en André P. Brink, die stigting van literêre tydskrifte soos *Standpunte* (1945), *Tydskrif vir Letterkunde* (1950) en *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (1961), die stigting van koerante soos *Die Volksblad* (1915) en *Die Burger* (1915), die stigting van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (1909), asook die oprigting van Afrikaanse universiteite en die erkenning van Afrikaans as amptelike taal (1925). Die belangrikheid van hierdie tydperk word in detail in Steyn (2014) bespreek. In bykans tagtig jaar is die Afrikaanse literêre sisteem gevestig.

In die volgende onderafdeling word bespreek hoe die data as ’n netwerk saamgestel is.

3.3 Netwerkvoorstelling

Die netwerk is soos volg saamgestel: ’n Skakel tussen skrywers en die uitgewerye waar hulle werk verskyn het, word aangedui. Skakels word ook aangedui tussen kritici of letterkundiges en die skrywers oor wie hulle gepubliseer het. Skakels tussen kritici of letterkundiges en die publikasies waar hul studies of resensies verskyn het, byvoorbeeld *Die Huisgenoot*, of in die geval van ’n literatuurgeskiedenis, die uitgewery, word voorts aangedui. Skakels tussen

skrywers en die pryse wat hulle ontvang het, word verder aangedui. Dit beteken dat skrywers, uitgewerye, pryse, publikasies en kritici, asook letterkundiges almal direk geskakel is. Omdat hier vyf soorte nodusse teenwoordig is, kan die netwerk as veelledig (bestaande uit verskeie soorte nodusse) beskryf word. Die term 'skrywer' beteken in die huidige studie 'n outeur van 'n literêre werk; 'kritikus' verwys na die outeur van 'n resensie en 'letterkundige' beteken die outeur van 'n studie of literatuurgeskiedenis. In baie gevalle kom name op al drie lyste voor en in sulke gevalle word individue in elkeen van hul rolle hieronder in berekening gebring, maar in die netwerk is individue slegs in die rol van mense aangedui en daarom sal byvoorbeeld André P. Brink, wat in al drie rolle funksioneer, slegs as een nodus in die netwerk aangedui word.

Skakels is sonder rigting aangedui, omdat status wederkerig is: 'n skrywer dra byvoorbeeld prestige by tot 'n uitgewery, net soos wat die uitgewery ook prestige aan die skrywer verleen.

Die gewig van skakels is aangedui, omdat dit betekenisvol is wanneer meer skakels tussen nodusse bestaan (Liao et al., 2017: 25). Wanneer 'n skrywer byvoorbeeld nie slegs een werk by 'n uitgewery uitgee nie maar vyf, of wanneer 'n letterkundige nie slegs een studie oor 'n skrywer publiseer nie maar 'n paar, dra hierdie gegewe belangrike inligting tot die netwerk by.

Die tyd wanneer 'n skakel plaasgevind het, byvoorbeeld wanneer 'n skrywer 'n digbundel gepubliseer het, is ook in die data opgeteken. Die vraag is dan hoe lank die tydsduur van daardie skakel is, want soos Liao et al. (2017: 26) skryf, is die probleem om 'n geskikte tydsduur vir tydsgebonde data te kies, 'n nie-triviale maar data-afhanklike probleem. In die letterkunde is daar 'n duidelike begin van 'n skakel, byvoorbeeld skrywer X publiseer werk by uitgewery Y, maar daar is nie 'n herkenbare eindpunt van hierdie verhouding nie: die feit dat 'n boek gepubliseer is, bly geldig, al is daardie boek later uit druk, al word die uitgewery se deure gesluit en al sterf die skrywer. Omdat die geheue van die netwerk ook 'n belangrike rol in sy struktuur speel (Liao et al., 2017: 27), is besluit om nie 'n einde aan 'n skakel toe te ken nie, maar slegs 'n begin. Die begin is dan wanneer 'n publikasie verskyn het of wanneer 'n prys toegeken is. In die netwerkvoorstellings word die netwerk derhalwe ook só saamgestel dat die geskiedenis telkens in berekening gebring word.

Die netwerk is gevisualiseer met behulp van Gephi (Bastian, Heymann en Jacomy, 2009), 'n rekenaarprogram wat dit moontlik maak om gestruktureerde data as 'n netwerk sowel as 'n dinamiese netwerk voor te stel. Vir die visualisasie is gebruik gemaak van die uitleg-algoritme van Fruchterman en Reingold (1991), omdat hierdie algoritme die belangrikste nodusse binne die sentrum van die netwerk posisioneer (Senekal, 2014b: 122-123).

In die volgende onderafdeling word die klassifikasie van vanne bespreek.

3.4 *Die klassifikasie van vanne*

Aangesien vanne tussen generasies oorgedra word, kan vanne gebruik word om 'n verband met vorige geslagte en selfs etnisiteit aan te dui (Ambekar, Ward, Mohammed, Male en Skiena, 2009, Treeratpituk en Giles, 2012, Harris, 2015, Humphreys, Nowak en Zhou, 2016, Lee, Kim, Ko, Choi, Choi en Kang, 2017). Hierdie metode is nie onfeilbaar nie, omdat vanne nie gewoonlik deur vroulike nasate oorgedra word nie. In die geval van die Hugenote skryf Van Aardt en Ridge (2019: 248) dat die Hugenoot Anne Prévost byvoorbeeld met Schalk Willem van der Merwe getrou het en só die stammoeder van die Van der Merwe-familie geword het, alhoewel hierdie feit nie in vanne gereflekteer sal word nie. Boonop kan vroue vanne aanneem alhoewel hulle nie 'n genetiese verband met daardie voorsate het nie. In breë trekke kan vanne egter gebruik word om 'n genetiese verwantskap aan te dui.

Lee et al. (2017: 2 081) argumenteer dat drie faktore in ag geneem moet word by die bepaling van die etniese oorsprong van 'n van. Eerstens is daar die taal van die land: John Smith is byvoorbeeld 'n maklik herkenbare Engelse naam en van wat waarskynlik in 'n Engelssprekende land sal voorkom. Tweedens is daar die ligging van die land: vanne in Oostenryk en Duitsland sal byvoorbeeld aansienlik oorvleuel omdat hierdie lande aangrensend is en 'n dominante taal deel. Derdens is daar die geskiedenis van die land: die Spaanse oorheersing van Mexiko vanaf die 16de tot die 19de eeu het byvoorbeeld daartoe gelei dat Mexikaanse name en vanne 'n sterk Spaanse invloed het.

Nasionaliteit is baie moeiliker om in 'n Suid-Afrikaanse konteks met behulp van vanne te bepaal as wat etniese oorsprong is. Byna die hele Afrika, Australië en Noord- en Suid-Amerika het 'n geskiedenis van kolonialisering, en dit is byvoorbeeld onmoontlik om te sê of John Smith 'n Brit, Amerikaner, Australiër, Nieu-Seelander of Suid-Afrikaner is. Wat hierdie voorbeeld egter aandui, is dat die oorsprong van die naam ('n Engelssprekende land) inherent is aan die naam: al hierdie voorbeelde dui op voormalige Britse kolonies. Met ander woorde, hoewel die nasionaliteit van 'n naam in 'n Suid-Afrikaanse konteks problematies is, is die etniese oorsprong daarvan makliker om te bepaal.

'n Lys van vanne wat afkomstig is van die Franse Hugenote en steeds in Suid-Afrika gebruik word, sowel as alternatiewe spelvorms, word in stand gehou deur die Hugenoot Gemeenskap van Suid-Afrika (s.a.). Hul lys bestaan uit 54 vanne, maar saam met spellingvariasies bestaan die lys uit 119 vanne. Aangesien Le Roux by hul lys ingesluit is, is Leroux (sonder die spasie) bygevoeg, wat beteken dat die lys nou uit 120 vanne bestaan. Hul lys vanne is vergelyk met die vanne van mense wat, volgens Senekal en mede-outeurs, vanaf 1902 tot 1978 by die Afrikaanse literêre sisteem betrokke was (Senekal en Van Aswegen, 1980, 1981, en Senekal

en Engelbrecht, 1984). Die twee lyste is met ander woorde saam gebruik om aan te dui of die van dui op 'n persoon van Hugenoot-oorsprong al dan nie.

In die volgende afdeling word die resultate van die huidige studie bespreek.

4. Resultate en bespreking

4.1 'n Oorsig oor die tydperk

In hierdie datastel is 1646 literêre werke deur 411 skrywers oor 76 jaar (vanaf 1902 tot 1978) met 'n gemiddeld van 21.66 publikasies per jaar. Werke is by 109 uitgewerye uitgegee. Ook 6561 resensies deur 935 kritici oor hierdie werke het in 156 publikasies verskyn en 259 studies en literatuorgeskiedenis deur 165 letterkundiges het by 43 uitgewerye verskyn. Verder is agt literêre pryse in berekening gebring.

In Tabel 1 word die getal en persentasie persone met Hugenoot-vanne volgens hul rol as skrywers, kritici of letterkundiges verskaf. Hier kan gesien word dat die grootste persentasie ($\pm 13\%$) van persone met Hugenoot-vanne in die rolle van letterkundiges en skrywers aangetref word, en die kleinste persentasie onder kritici. Dit is ook treffend dat hierdie persentasie sterk ooreenstem met die 13.2% Franse genetiese herkoms van Afrikaners soos deur Heese (1971) bereken en die 13% tot 26% Franse genetiese herkoms soos deur Brits (2019) bereken. Alhoewel Franse gene nie altyd in vanne aangetref sal word nie omdat vanne nie gewoonlik deur vroulike nasate oorgedra word nie, en vroue boonop Hugenoot-vanne mag aanneem alhoewel hulle nie 'n genetiese verbintenis met hierdie setlaars gehad het nie, stem die persentasies vanne vir die hele tydperk met ander woorde ooreen met die genetiese samestelling van die Afrikaner soos deur hierdie outeurs bevind. Die laer persentasie Hugenoot-vanne vir kritici word aangetref omdat talle kritici slegs met voorletters of as anoniem aangedui is. Die nasate van die Hugenote se bydrae tot die Afrikaanse literêre sisteem, volgens die voorkoms van hul vanne, is met ander woorde in die minderheid, maar steeds 'n beduidende persentasie.

	Totaal	Getal Hugenote	Persentasie van totaal
Skrywers	411	51	12.41%
Kritici	935	65	6.95%
Letterkundiges	165	21	12.73%

Tabel 1: Die getal en persentasie persone met Hugenoot-vanne volgens hul rol

In Tabel 2 word die mees produktiewe persone met Hugenoet-vanne in hul rolle as skrywers, kritici of letterkundiges aangedui. Vir skrywers en kritici verwys die getal na hoeveel publikasies hulle die lig laat sien het, terwyl die getal vir letterkundiges verwys na oor hoeveel skrywers hulle gepubliseer het. D.F. Malherbe is duidelik die produktiefste skrywer met 'n Hugenoet-van in hierdie tydperk (1902–1978), terwyl F.E.J. Malherbe amper dubbel die getal resensies as die naasproduktiefste kritikus, Audrey B. Blignault, gepubliseer het en oor meer as dubbel die getal skrywers gepubliseer het as die naasproduktiefste letterkundige, J.H. Senekal. In die tabel kan ook gesien word hoe outeurs hier in elkeen van hul rolle in berekening gebring is, byvoorbeeld F.E.J. Malherbe wat as kritikus en letterkundige funksioneer en Audrey B. Blignault wat as kritikus en skrywer funksioneer. In hierdie tabel word met ander woorde die skrywers, kritici en letterkundiges aangedui wat Hugenoet-vanne het en kwantitatief gesproke die meeste tot die Afrikaanse literêre sisteem in hierdie tydperk (1902–1978) bygedra het.

Skrywer	Publikasies	Kritikus	Publikasies
D.F. Malherbe	46	F.E.J. Malherbe	113
Eugène N. Marais	15	Audrey B. Blignault	64
Jan F.E. Celliers	14	Elsa Joubert	36
Etienne Leroux	11	Charles Malan	30
Totius	11	E.C. Pienaar	24
Audrey B. Blignault	10	D.F. Malherbe	17
Elsa Joubert	9	L.C. Bruwer	17
Susie Mey Viljoen	8	W.J.B. Pienaar	17
C. le Grange	6	F.J. Labuschagne	13
Pieter Fourie	5	P.G. Nel	13
Letterkundige		Skrywers oor geskryf	
F.E.J. Malherbe		115	
J.H. Senekal		38	
Charles Malan		10	
G. v N. Viljoen		3	
H.S. Cilliers		3	
Hein Viljoen		3	
M. Lombard		2	

R. Malan	2
A.C. Cilliers	1
André Christiaan Viviers	1

Tabel 2: Die produktiefste persone met Hugenoot-vanne in hul rol as skrywers, kritici of letterkundiges

In Tabel 3 word die Hugenoot-vanne wat die meeste voorkom aangedui in totaal, asook onder skrywers, kritici en letterkundiges. Joubert is met ander woorde die Hugenoot-van wat die meeste onder skrywers voorkom (vyf skrywers), gevolg deur Fourie, Marais, Pienaar en Theron (vier skrywers). Onder kritici is Pienaar die van wat die meeste voorkom (agt kritici), gevolg deur Joubert en Viljoen (ses kritici elk), en onder letterkundiges kom Malan die meeste voor (vier letterkundiges). In totaal kom Pienaar die meeste voor (13 persone), gevolg deur Joubert en Viljoen (tien persone). Dit is met ander woorde die Hugenoot-families wat die meeste rolspelers in die Afrikaanse literêre sisteem in hierdie tydperk bygedra het.

Totaal	Voorkoms	Skrywers	Voorkoms
Pienaar	13	Joubert	5
Joubert	10	Fourie	4
Viljoen	10	Marais	4
Marais	8	Pienaar	4
Malan	6	Theron	4
Roux	6	Retief	3
Theron	6	Viljoen	3
Fourie	5	Malan	2
Bruwer	4	Malherbe	2
Cilliers	4	Rousseau	2
Kritici	Voorkoms	Letterkundiges	Voorkoms
Pienaar	8	Malan	4
Joubert	6	Cilliers	2
Viljoen	6	Pienaar	2
Marais	5	Viljoen	2
Roux	5	Joubert	1
Bruwer	3	Labuschagne	1

Cilliers	3	Leroux	1
Malherbe	3	Lombard	1
Fourie	2	Malherbe	1
Hugo	2	Marais	1

Tabel 3: Die Hugenoot-vanne wat die meeste voorkom

In die volgende onderafdeling word hierdie mense se bydraes volgens dekade bespreek.


4.2 Die voorkoms van *Hugenoot-vanne volgens dekade*

In Tabel 4 word die getal persone wat betrokke was by die Afrikaanse literêre sisteem per dekade verskaf. Die eerste kolom dui die jaar aan wanneer die dekade eindig. Die getal persone met en sonder Hugenoot-vanne word ook aangedui, en hier kan gesien word dat in die 1970's en 1940's die meeste persone met Hugenoot-vanne by die Afrikaanse literêre sisteem betrokke was.

Dekade	Totale getal mense	Nie-Hugenote	Hugenote
1909	90	85	5
1919	145	124	21
1929	417	350	67
1939	1 066	936	130
1949	1 032	847	185
1959	1 935	1 844	91
1969	2 152	1 981	171
1978	3 751	3 552	199

Tabel 4: Die getal persone wat betrokke was by die Afrikaanse literêre sisteem volgens dekades van 1909 tot 1978

In Figuur 1 word dieselfde syfers aangedui as in Tabel 4, maar met die persentasie persone met en sonder Hugenoot-vanne uitgedruk as 'n persentasie van alle persone wat in daardie dekade by die Afrikaanse literêre sisteem betrokke was. Hier kan gesien word dat die persentasie persone met Hugenote-vanne vanaf die 1910's tot 1940's bo 10% is, waarna die persentasie persone met Hugenoot-vanne afneem. Dit is met ander woorde in hierdie dekades dat nasate van die Hugenote kwantitatief gesproke die meeste tot die Afrikaanse literêre sisteem bygedra het.



Figuur 1: Die persentasie persone wat betrokke was by die Afrikaanse literêre sisteem per dekade van 1909 tot 1978 met hul vanne as Huguenote of nie-Huguenote aangedui


In die volgende onderafdeling word hierdie persone se bydraes in netwerkverband bespreek.

4.2 Die posisie van persone met Huguenoot-vanne in die Afrikaanse literêre sisteem

Die voorafgaande onderafdelings het slegs die produktiefste persone met Huguenoot-vanne uitgelig, maar soos voorheen gestel, is dit sinvol om ook al die verhoudinge in die sisteem in ag te neem. Figure 2 tot 7 dui die Afrikaanse literêre sisteem as netwerk aan, saamgestel soos voorheen bespreek en gevisualiseer met behulp van Fruchterman en Reingold (1991) se kraggebaseerde uitleg-algoritme. Alhoewel alle persone (in hul rol as skrywers, kritici of letterkundiges), uitgewerye, tydskrifte en pryse in hierdie netwerk teenwoordig is, word slegs etikette van persone met Huguenoot-vanne (as donkergrys nodusse) aangedui. Die grootte van nodusse dui op hul belangrikheid in die netwerk, soos bereken met behulp van PageRank-sentraliteit vir die betrokke tydperk. Ter wille van ruimtebesparing is slegs ses dekades aangedui, beginnende by die 1920's.

In die eerste netwerkwerkgrafiek word die literêre sisteem vanaf 1902 tot 1929 gesien. D.F. Malherbe en Jan F.E. Celliers kan in die sentrum van die netwerk gesien word en die grootte van Jan F.E. Celliers se nodus (die grootste nodus in


die hele netwerk op daardie tydstip) wys dat hy teen 1929 die hoogste PageRank-sentraliteit in die netwerk gehad het. Celliers en tot 'n mindere mate D.F. Malherbe is met ander woorde belangrike rolspelers in die eerste tydperk, soos gesien kan word deur hul hoë PageRank-sentraliteit sowel as hul posisionering binne die sentrum van die netwerk. Totius en Eugène Marais is minder sentraal geposisioneer as Celliers en Malherbe, maar hulle is die persone met Hugenoot-vanne wat die derde- en vierde-hoogste PageRank-sentraliteit in hierdie tydperk het.




Figuur 2: Die Afrikaanse literêre sisteem as netwerk (1902–1929)

In die tweede netwerkvoorstelling, in Figuur 3, is die literêre sisteem tot aan die einde van 1939 voorgestel. Eugène Marais beweeg nou nader aan die sentrum,

Figuur 4: Die Afrikaanse literêre sisteem as netwerk (1902–1949)



en nader aan die kern skuif. Ander letterkundiges soos Louise Viljoen en Marlise Joubert, wat meer onlangs binne die kern van die Afrikaanse poëtiesisteen sou funksioneer (Senekal, 2013c: 108-109), tree ook in hierdie tydperk tot die netwerk toe.



Figuur 7: Die Afrikaanse literêre sisteem as netwerk (1902-1978)

In Figure 2 tot 7 word aangedui dat afstammelinge van die Hugenote 'n groot rol gespeel het in die ontwikkeling van die Afrikaanse literêre sisteem in die vroeë jare, maar in die laaste twee dekades wat hier ondersoek is, het hul relatiewe belangrikheid afgeneem. Hul bydrae is steeds onmisbaar, eerstens omdat die Afrikaanse literêre sisteem van die 1970's voortgebou het op vorige generasies en nie uit die niet ontstaan het nie, en tweedens omdat daar steeds talle persone

met Hugenoot-vanne aangedui is wat in en om die kern van hierdie netwerk funksioneer. Hierdie netwerkvoorstellings dui duidelik aan dat die Hugenote hul merk op die ontwikkeling van die Afrikaanse literêre sisteem – soos ook op ander terreine soos die wynbedryf – gelaat het.

5. Slot

Die Franse Hugenote het 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van Suid-Afrika gelewer en in die huidige studie is hul afstammeling se posisie in die ontwikkeling van die Afrikaanse literêre sisteem (1902–1978) ondersoek. In hierdie studie is aangetoon dat 'n groot aantal persone met Hugenoot-vanne sleutelrolle in die ontwikkeling van die Afrikaanse literêre sisteem gespeel het. Die netwerkvoorstellings dui duidelik aan dat persone met Hugenoot-vanne deurgaans en oor geslagte heen binne die kern van die Afrikaanse literêre sisteem funksioneer.

Dinamiese netwerke kan benut word om die ontwikkeling van sisteme te ondersoek. Alhoewel in hierdie studie slegs op die nasate van die Hugenote gefokus is, kan die hele Afrikaanse literêre sisteem ook sodanig ondersoek word. Nie slegs die rol van nasate van die Hugenote nie, maar die posisie van leiersfigure in die opkoms van die Afrikaanse literêre sisteem oor tyd heen sou dus op hierdie wyse voorgestel kan word.

Universiteit van die Vrystaat

Bronnelys

- Ambekar, A., Ward, C., Mohammed, J., Male, S. en Skiena, S.** 2009. Name-ethnicity classification from open sources. In: *Proceedings of the 15th ACM SIGKDD international conference on knowledge discovery and data mining – KDD '09*. New York: ACM Press. 49-58.
- Anoniem.** s.a. Huguenots embarqués pour l'Afrique du Sud. 27 http://huguenots-france.org/france/refuge/afrique_sud/embarques.htm. (Datum van gebruik: 27 April 2021).
- Bastian, M., Heymann, S. en Jacomy, M.** 2009. Gephi: An open source software for exploring and manipulating networks. *Proceedings of the International AAAI Conference on Web and Social Media*, 3(1).
- Bonacich, P.** 1987. Power and centrality: a family of measures. *American Journal of Sociology*, 92(5): 1170.
- Botha, C.G.** 1921. *The French refugees at the Cape*. Kaapstad: Cape Times Limited.

- Brin, S. en Page, L.** 1998. The anatomy of a large-scale hypertextual Web search engine. *Computer Networks and ISDN Systems*, 30(1-7): 107-117.
- Brits, E.** 2019. Wit Afrikaners dra gene van slawe en Khoisan – studie. Netwerk24. <https://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/wit-afrikaners-dra-gene-van-slawe-en-khoisan-studie-20190212>. (Datum van gebruik: 23 April 2021).
- Bryer, L. en Theron, F.** 1987. *The Huguenot heritage: the story of the Huguenots at the Cape*. Kaapstad: Chameleon Press.
- Cilliers, J.A.** 2016. A demographic history of settler South Africa. Ongepubliseerde PhD-tesis. Universiteit van Stellenbosch.
- Coertzen, P.** 1988. *The Huguenots of 1688-1988*. Kaapstad: Tafelberg.
- Fourie, J. en Fintel, D.V.** 2011. 'n Ongelyke oes: Die Franse Hugenote en die vroeë Kaapse wynbedryf. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(3): 332-53.
- Fraiberger, S.P., Sinatra, R., Resch, M., Riedl C. en Barabási, A-L.** 2018. Quantifying reputation and success in art. *Science*, 362(6416): 825-829.
- Franken, J.L.M.** 1978. *The Huguenots and the Cape*. Pretoria: Staatsdrukkery.
- Fruchterman, T.M.J. en Reingold, E.M.** 1991. Graph drawing by force-directed placement. *Software: Practice and Experience*, 21(11): 1129-1164.
- Harris, J.A.** 2015. What's in a name? A method for extracting information about ethnicity from names. *Political Analysis*, 23(2): 212-224.
- Heese, H.F.** 1979. Identiteitsprobleme gedurende die 17de eeu. *Kronos*, 1: 27-33.
- Heese, J.A.** 1971. *Die herkoms van die Afrikaner, 1657-1867*. Kaapstad: A.A. Balkema.
- Hugenoot Gemeenskap van Suid-Afrika.** s.a. Huguenot surnames which survived in South Africa. <https://web.archive.org/web/20200723073509/http://www.hugenoot.org.za:80/surname.htm>. (Datum van gebruik: 22 April 2021).
- Humphreys, B.R., Nowak, A. en Zhou, Y.** 2016. Cultural superstitions and residential real estate prices: transaction-level evidence from the US housing market. *SSRN Electronic Journal*, 17 December.
- Kannemeyer, J.** 1984. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur. Deel 1*. Pretoria: Academica.
- Kearney, A.** 2010. *The French Huguenots of South Africa*. Kaapstad: Juta.
- Lee, J., Kim, H., Ko, M., Choi, D., Choi, J. en Kang, J.** 2017. Name nationality classification with recurrent neural networks. In: Sierra, C. (red.) *Proceedings of the Twenty-Sixth International Joint Conference on Artificial Intelligence*. Twenty-Sixth International Joint Conference on Artificial Intelligence, California: International Joint Conferences on Artificial Intelligence Organization. 2081-2087.
- Liao, H., Mariani, M.S., Medo, M., Zhang, Y.C. en Zhou, M.Y.** 2017. Ranking in evolving complex networks. *Physics Reports*, 689: 1-54.
- Liebenberg, H.** 2018. Die Wes-Kaapse Argief en die begin van Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 58(2): 204-236.

- Nienaber, G.S. en Nienaber, P.J.** 1941. *Die geskiedenis van die Afrikaanse beweging*. Pretoria: JL van Schaik.
- Ploeger, J.** 1973. Die godsdienstig-kulturele bydrae van die Hugenote tot die Afrikaanse volkswording. *HTS Teologiese Studies*, 29(1): 34-47.
- Ploeger, J.** 1988. Die verspreiding van die Franse Hugenote. *Scientia Militaria*, 18(2): 12-22.
- Senekal, B.A.** 2012. Die Afrikaanse literêre sisteem: 'n Eksperimentele benadering met behulp van sosiale-netwerk-analise (SNA). *LitNet Akademies Geesteswetenskappe*, 9(3): 614-638.
- Senekal, B.A.** 2013a. 'n Ontleding van Hertzogpryswenner se uitgeweryprofiel in terme van die Afrikaanse literêre netwerk en met behulp van sosiale-netwerk-analise (SNA). *LitNet Akademies Geesteswetenskappe*, 10(3): 362-387.
- Senekal, B.A.** 2013b. Die gebruik van die netwerkteorie binne 'n sisteemteoretiese benadering tot die Afrikaanse letterkunde: 'n teorie-oorsig. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 53(4): 668-682.
- Senekal, B.A.** 2013c. 'n Netwerkontleding van die Afrikaanse poësie-netwerk vanaf 2000 tot 2012. *Stilet*, 25(2): 99-124.
- Senekal, B.A.** 2014a. *Canons and connections: A network theory approach to the study of literary systems with specific reference to Afrikaans poetry*. Washington: New Academia Pub.
- Senekal, B.A.** 2014b. Olga Kirsch se posisie in die Afrikaanse literêre sisteem (1900-1978). *Werkwinkel*, 9(2): 119-134.
- Senekal, B.A.** 2015a. André P. Brink se posisie in die Afrikaanse literêre sisteem van die 1960's. *Tydskrif vir letterkunde*, 52(1): 57.
- Senekal, B.A.** 2015b. 'n Kwantifisering van kleinwêreldheid in Afrikaanse kulturele netwerke in vergelyking met ander komplekse netwerke. *LitNet Akademies Natuurwetenskappe*, 12(3): 665-688.
- Senekal, B.A.** 2017. Die hedendaagse Afrikaanse poësie-sisteem: Op soek na die mees verteenwoordigende wiskundige model van die rolspele- verhoudings daarbinne. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(1): 168-186.
- Senekal, B.A.** 2020. Aktiwiteit en sentraliteit in die Afrikaanse poësie-sisteem van die afgelope twee dekades (2000-2019), met spesifieke verwysing na Joan Hambidge se rol daarbinne. *Stilet*, 32(1): 63-82.
- Senekal, J.H.** 1985. Die Afrikaanse letterkunde binne die literatuursisteem. *Handhaaf*, Junie: 20-22.
- Senekal, J.H.** 1987. *Literatuuroppattings: "wese" en "waarhede" van 'n nuwe literêre teorie*. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Senekal, J.H. en Engelbrecht, E.** 1984. *Bronne by die studie van Afrikaanse prosawerke 1900-1978*. Johannesburg: Perskor.

- Senekal, J.H. en Van Aswegen, K.** 1980. *Bronne by die studie van Afrikaanse dramas 1900-1978*. Johannesburg: Perskor.
- Senekal, J.H. en Van Aswegen, K.** 1981. *Bronne by die studie van die Afrikaanse digbundels 1900-1978*. Johannesburg: Perskor.
- Stanwood, O.** 2013. Between Eden and Empire: Huguenot Refugees and the Promise of New Worlds. *The American Historical Review*, 118(5): 1319-1344.
- Steyn, J.C.** 2014. *Ons gaan 'n taal maak. Afrikaans sedert die Patriot-jare*. Centurion: Kraal-Uitgewers.
- Treeratpituk, P. en Giles, C.L.** 2012. Name-ethnicity classification and ethnicity-sensitive name matching. In: *Proceedings of the Twenty-Sixth AAAI Conference on Artificial Intelligence*. Twenty-Sixth AAAI Conference on Artificial Intelligence: AAAI Press. 141-47.
- Van Aardt, P. en Ridge, E.** 2019. *Hugene aan die Kaap*. Franschhoek: Hugene-Vereniging van Suid-Afrika.
- Van Rees, K. en Vermunt, J.** 1996. Event history analysis of authors' reputation: Effects of critics' attention on debutants' careers. *Poetics*, 23(5): 317-333.
- Verboord, M.** 2003. Classification of authors by literary prestige. *Poetics*, 31(3-4): 259-281.
- Verboord, M., Janssen, S. en Van Rees, K.** 2006. Indicatoren voor classificatie in het culturele en literaire veld. In: Dorleijn, G.J. en Van Rees, K. (reds.). *De produktie van literatuur. Het literaire veld in Nederland 1800-2000*. Nijmegen: Vantilt. 285-310.
- Wijzenbeek, T.** 2007. Identity lost: Huguenot refugees in the Dutch republic and its former colonies in North America and South Africa, 1650 to 1750: A comparison. *South African Historical Journal*, 59(1): 79-102.

Note

1. Kyk ook Van Aardt en Ridge (2019: 247-248).
2. Tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het daar min binne die Afrikaanse letterkunde verskyn en ná 1978 is hierdie bibliografieë egter nie so betroubaar soos voor hierdie datum nie; daarom gebruik ek die tydperk 1902-1978.